

Nico van
Gijzen



Raad met jou rande

'N Uittreeannuïteit (UA) bied heelwat meer as net belastingvoordele.

Ek wil vandag uitbrei op hierdie stelling ná die terugvoering wat ek van lesers gekry het op my rubriek hier verlede Sondag onder die opskrif "Beperk taks met UA". In die slotparagrafe van daardie rubriek het ek net kortliks geraak aan van die ander voordele van 'n UA.

Om mee te begin, net 'n uitgangspunt oor beleggings wat ek oor die baie jare wat ek hierdie rubriek skryf meermale aangerooi het: Moenie dat die belastingstert die beleggingshond swaai nie. Maar synde op die onderwerp, kom ons kyk bietjie breër.

Die niksdoeners wil jou vertel...

Laat ek net eers twee irritasies uit die weg ruim. Elke nou en dan is daar iemand wat my probeer "reghelp" deur te verwys na regulasie 28 van die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1965) wat beperkings plaas op die beleggingskeuses van aftreegeld, of dit 'n rede is om nié in 'n UA te belê nie. Die maksimum blootstelling wat in die fonds toegelaat word, is 75% in aandele, 25% in eiendom, 30% in internasionale bates Afrika uitgesluit en 40% in internasionale bates Afrika ingesluit.

Ek hou nie daarvan om aan voorge-skrif te word nie, maar wys vir my enige sinvolle, gediversifiseerde beleggingsop-sie wat nie binne dié raamwerk 'n goeie, risikobeperkende opbrengs kan kry nie.

Ek dink die verwysing na reg. 28 as 'n rede om nie in 'n UA te belê nie is somer 'n verskoning vir liever niksdoen.

Die tweede is dat die inkomste (die pensioen wat jy aankoop met 'n UA) belasbaar is. So of daar eintlik geen belastingvoordeel is nie. Ook maar, myns insiens, gedryf deur die niksdoeners en betweteriges (wat nie hoef in te staan vir hul finansiële "raad" nie).



Uittreeannuïteit: Al die voordele

Die redes vir nié belê nie is meestal wolhaarstories

Die ander voordele

So, kom ons kyk nou verder na sake ter wille van diegene wat ernstig is oor hul geld, en terselfdertyd die belastingvoordele wil benut. Benewens die aftrekbaarheid van bydraes tot 'n UA vir die berekening van inkomstebelasting, waaroor ek verlede week breedvoerig geskryf het, is daar heelwat ander voordele - belastingvoordele en ander.

'n UA se hoofdoel is om voorsiening te maak vir aftrede. As jy reeds lid is van 'n pensioen- of voorsorgfonds kan 'n UA aanvullende kapitaal voorsien vir aftrede.

Die meeste aftreefondse se bydraes is so 15% van vergoeding. En vir die meeste mense se aftreevoorsiening is dit te min. Jy behoort dus adisioneel voorsiening

te maak as jy wil seker wees van 'n kom-mervrye aftrede. Onthou ook, 'n deel van daardie 15% wat jy spaar in jou werk-gewer-aftreefonds moet nog betaal vir risikodekking ook. So, jy spaar nie werklik 15% nie, jy spaar nader aan so 12% en ná koste dalk net so oor die 10%.

Die belastingaftrekbaarheid van bydraes tot 'n UA (dit geld die totale bydraes tot al jou aftreefondse) is dalk beperk tot 27,5% van vergoeding of belasbare inkomste (of R350 000, welke een die min-ste is) in 'n belastingjaar. Maar dit is nie die einde van die storie nie.

Jy kan baie meer as dit spaar as jy wil. Jy kan dit net nie alles in daardie belastingjaar aftrek vir belasting nie, maar jy kan dit in daaropvolgende jare aftrek.

Die voordeel word oorgedra van jaar tot jaar.

En dan natuurlik is daar die belasting-vrye groei in jou UA. In enige ander belegging (uitgesluit die belastingvrye spaar, wat erg beperk is) gaan jy jaarliks jou rente- en huurinkomste by jou inkomste moet voeg en dit sal in berekening gebring word vir belasting. As jy aandeel verkoop kom kapitaalwinstbelasting (KWB) ter sprake. In 'n UA is alles vrygestel.

En by dood is die volle waarde van die UA vrygestel van boedelbelasting.

Al jou ander geld word in berekening gebring vir boedelbelasting. Ja, jou begunstigdes gaan inkomstebelasting betaal op die pensioen (uit die UA) wat jy vir hulle nagelaat het, maar is dit so erg?

Ons betaal almal belasting op inkomste. Wat is fout om ook inkomstebelasting te moet betaal op inkomste uit 'n voorbelaste belegging?

Nou, en hier is die belangrike stertjie, as jy meer bygedra het tot die UA as wat jy vir belasting kon aftrek, is daardie deel van die geld - dit wat nie afgetrek kon word nie - ná aftrede beskikbaar as 'n belastingvrye pensioen.

Hoe lekker is dit? Jou geld groei belastingvry in die fonds en jy kry 'n pensioen, waarop jy ook nie belasting betaal nie.

En wat van 'n UA as oorweging by boedelplanning, spesifiek om boedelbelasting te beperk?

Soos ek hierbo noem, die bydraes tot 'n UA wat jy vir belasting kon aftrek, val buite die boedel vir boedelbelasting. Dit wat jy meer bydra sal wel in die boedel opgeneem word vir boedelbelasting.

Maar, omdat al die groei in die UA vry is van boedelbelasting het jy, deur dit te doen, mos die waarde wat in jou boedel opgeneem kan word vir boedelbelasting vasgepen. Dis baie soortgelyk daaraan om 'n trust te gebruik. Net baie makliker.

En jy kan 'n belastingvrye pensioen ook neem. Moenie alleen hieroor besluit nie; kry kundige finansiële raad. Elke mens se omstandighede verskil.

■ **Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijzen.**